*"Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en laat Hy al die nasies luister na die loflied tot Sy eer."*

***Jesaja 61:11***



# SOMER-KERSFEES

Dis moeilik om te glo dat u nou die laaste Wenakker vir 2008 in u hande hou! Die jaar is haas verby en 2009 klop reeds aan ons deur. Ons kan almal getuig dat ons liewe Heer in 2008, soos altyd, weer vir ons baie goed was. Dit is dus met dankbaarheid dat ek aan almal 'n Geseënde Kerstyd en beste wense vir 2009 toe wens!

2008 was an exciting year, but in many respects also a challenging year. Our farmers battled with adverse weather conditions and prices of input materials, especially, fuel and fertilisers, sky rocketed. On the other hand, the merging with Langkloof Boerekoöperasie went smoothly and we are set to open our doors in Jeffreys Bay on 3 December 2008 as a Landmark outlet. We are thus grateful to report that Tuinroete Agri now operates 19 outlets with a total of 420 employees managed as 47 different Business Units.

In 2008 het die Tuinroete Agri groep voortgebou op die suksesresep van die afgelope paar jaar. Ons omsette het by al ons handelstakke verhoog en ons is besig met die beplanning en opknapping van ons fasiliteite in Mosselbaai, Knysna, Riversdal, Uniondale, Twee Riviere en Aberdeen. U kan dus uitsien na 'n nog aangenamer koopervaring in die nuwe en daaropvolgende jare.

We realise that we cannot exist without you, our valued customers, shareholders, suppliers and financiers. We herewith assure you, as always, of our best effort and unwaivering commitment to service excellence.

Ons wens u en u familie gedurende die feestyd 'n helder Somerkersfees en vrede, vreugde en seën in 2009 toe.

**JAN WEYS**
**BESTURENDE DIREKTEUR**

# JEFFREYSBAAI

Die Tuinroete Agri Groep is baie opgewonde oor die nuwe toevoeging tot ons stal: die Tuinroete Agri LandMarkwinkel wat op 1 Desember 2008 sy deure in Jeffreysbaai oopmaak. Hierdie uitbreiding versterk ons visie om die leierverskaffer van landbou- en tuisteprodukte te wees.

Die Tuinroete Agri Groep het nou 20 afsetpunte (48 besigheidseenhede) wat strek vanaf Riversdal in die weste tot Jeffreysbaai en Twee Riviere (Joubertina) in die ooste en van Mosselbaai en George in die suide tot Aberdeen in die noorde. Die syfer sluit 4 silo komplekse, 2 veevoeraanlegte en 'n verpakkingsdepot by Haarlem in die Langkloof in.

Jeffreysbaai-personeel tydens intensiewe opleiding by Tuinroete Agri George

Die LandMark konsessie vorm deel van 'n gerespekteerde voorsieningsketting wat, tot voordeel van die verbruiker, waarde toevoeg tot die beskikbaarheid van volledige produkreekse en kundigheid binne die winkel.

Produkreekse, wat insluit hardeware en gereedskap, elektries, verf, besproeiing en ook buitelewe items sal uitgestal word volgens die nuutste internasionale rakversorgings tendense. Daar word baie klem geplaas op die volledigheid van die reekse. Indien die verbruiker dus verfwerk moet doen, sal die nuwe LandMark winkel aan die totale behoefte van die bouwerk voldoen, van

Lukas van Vuuren—Takbestuurder Jeffreysbaai

kwaste, rollers, panne en natuurlik kwaliteit verf om die werk mee af te rond.

Die Takbestuurder, Lukas van Vuuren is 'n ou bekende in Jeffreysbaai. Hy en sy span kundiges is gereed om kliënte met raad en daad te bedien.

*(kontakbesonderhede elders in uitgawe)*

# TUINROETE AGRI BELê IN "NEAR INFRARED REFLECTANCE (NIR)" ANALISEERDER

Die hoë koste van roumateriale en die belangrikheid om kwaliteit voere te vervaardig, het Tuinroete Agri (TRA) genoop om geld in 'n NIR analiseerder te belê. Hierdie apparaat beloof om baie waarde tot die diens wat TRA aan kliënte lewer toe te voeg.

Die NIR is 'n analiseerder wat 'n wye spektrum van produkte soos voere, oliekoeke, vismeel, grane, lusern, kuilvoer, weidings en water kan ontleed. Hierdie masjien kan ook gebruik word vir monsterneming met die lewering en inneem van grane. Die masjien analiseer alle produkte binne 6 sekondes sonder dat die produk gemaal of gedroog hoef te word.

Alle roumateriale wat in die vervaardiging van veevoere gebruik word asook die finale produk gaan met die NIR ontleed word. TRA kliënte gaan egter ook hul eie produkte na TRA (Kleinberg) kan stuur om ontleed te word en sal dan 'n uitgedrukte analise ontvang. Ons sal u op hoogte hou oor die koste van sodanige analises asook wanneer die diens beskikbaar sal wees.

*Navrae kan gerig word aan Heinie Geldenhuys op Kleinberg by 044 697 7010.*

## Tuinroete Agri Mosselbaai bied u gasvryheid

Wat kan lekkerder wees as 'n inkopie-ervaring met die reuk van vars koffie en vars gebakte koek. Klink lekker? Wel dit is op ons voorstoep, ja letterlik op ons voorstoep.

Met behulp van Baruch's koffie is daar besluit om hierdie prag konsep by Tuinroete Agri Mosselbaai bekend te stel. Vars koffie van u keuse, met 'n "bederfie van die dag" word daagliks bedien. Daar kan ook gekuier word met 'n Boere- of Gesondheidsontbyt vir die somer figuur.

Ons nooi u om vanaf 19 November 2008 te kom aansit by Chinno's Koffiewinkel.

**Boeretroos bly maar lekker!!**

## SAADBESTELLINGS 2009

Tuinroete Agri wil die bes moontlike diens en produk aan sy lede lewer en in die proses streef Tuinroete Agri ook daarna om sy saadaankope en –voorraad optimaal te bestuur.

**SAADBESTELLINGS MOET INGEDIEN WEES TEEN NIE LATER AS 15 DESEMBER 2008!**

Bestelvorms sal beskikbaar wees gedurende oestyd by al Tuinroete Agri gradeerlokale.

Volledig voltooide bestelvorms moet asseblief by u naaste Silobestuurder ingehandig word.

***Mike Uys***

# FARMING AND ENVIRONMENTAL LEGISLATION

Farming. For some the activity conjures up dairy farms with big eyed cows grazing, for others, fields of wheat or canola stretching across the canvas of land. But for those who actually do the job, it is far more than just that, it is a way of life. A way of life governed by the environment and her whims. The days of escaping to a farm and doing as one likes where one likes are but memories. The increase in human populations has direct impacts on farming as an activity, and as a way of life. The larger the towns and cities, the greater the resources required to maintain those cities. Resources also used by farmers. And *WATER* is top of the resource checklist, especially with the uncertainties of global warming and the unchecked pollution of this valuable resource.

Dairy farmers require grass to support their herds. Abundant grass requires abundant water to grow. This requirement leads dairy farmers to seek out areas with high rainfall, as is the case in the southern Cape. From Riversdale to the Tsitsikamma, there are numerous small and large scale dairies that provide milk and other

products. All require water, lots of it. And don't forget those farmers which produce vegetables, grapes, hops, lucerne, wheat and other cereals. Water is necessary in varying degrees for every aspect of farming.

The National Environmental Management Act (NEMA) was put into place in 1998 in an effort to ensure that the expansion of human activities do not override the balance and resilience of the natural system, and the availability and quality of the resources it provides. The legislation identifies certain activities that if allowed unchecked could cause serious damage to the very system on which we all depend for survival. Should any individual wish to pursue a course of action that triggers any of these Listed Activities, they are required to make an application to the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) for Environmental Authorisation. The process of applying for authorisation entails assessing all potential and cumulative impacts that the activity may have on the ecological, as well as social and economic aspects of the environment. This process applies as much for a championship golf course as it does for a farmer wanting to build a dam or plough virgin land.
As a firm that specialises in the legislative process, we would like to use this forum as a tool to explain, in the next couple of editions, what activities require environmental assessment and offer information on the process. We have identified several of the Listed Activities which relate to farming, and in this edition of Wenakker, we would like to point out those activities pertaining to the utilization of *WATER*. These include:

- *The construction of facilities or infrastructure for any purpose within the 1:10 year flood line, or within 32m of a stream or river bank* - this activity includes the construction or placing of in-stream dams, weirs, canals, roads, bridges, buildings (such as pump houses), gabions (and other stabilising structures), jetties, services (water, electricity, sewage) and boundary walls or fences.

- *The abstraction of groundwater at a volume where any general authorisation issued in terms of the National Water Act (Act no. 36 of 1998) will be exceeded* – this activity does not include small industrial users who use less than 20 cubic metres per day.

- *The construction of facilities and infrastructure for the off-stream storage of water, including dams and reservoirs, with a capacity of 50 000 cubic metres or more* – this activity refers to any structure which is capable of storing water and is applicable when the combined amount is reached on any one cadastral unit.

The consequences of not obtaining the correct environmental authorisation for such activities for any person (famer) are costly and can lead to severe fines and / or imprisonment.



The consultants at ***Cape EAPrac*** have experience in facilitating agricultural and other developments. We also specialise in Damage Assessments, GIS Mapping and Ecological Control work. For a free consultation or for general enquiries please contact Louis-Mari van Zyl at 044 874 0365 or email louise@cape-eaprac.co.za .

tuinroete agri WINE & LIQUOR

Kliënte van TRA George het seker al opgemerk dat dinge die afgelope paar weke aan die gebeur is by die drankwinkel op die perseel. Michael Kamener, 'n ou bekende in die drankbedryf, het onlangs die leisels van die winkel oorgeneem en sedertdien kook dit daar!

**Besoek gerus die drankwinkel vir 'n verskeidenheid brandewyn, whisky, spiritualieë en mengeldrankies. 'n Groot verskeidenheid nuwe rooi- en witwyne het Suid-Kaapse wyn connoisseurs aan die gons.**

Kontak ons gerus vir al u behoeftes rakende troues, jaareindfunksies en spesiale geleenthede. Ons lewer af en glase en ys word gratis voorsien.

Hou die pers dop **vir spesiale aanbiedinge** en loer gereeld by Michael en sy span in vir advies **en vriendelike diens.**

Let daarop dat die drankwinkel se ure op versoek verleng is.

*Maandag tot Vrydag:* *8:00 – 18:00*
*Saterdae:* *8:00 – 14:00*

*Kontak ons by:* *044 801 4500*

Michael Kamener
Bestuurder Tuinroete Agri Drankwinkel

# Land & Strand eiendomme

| REEBOK | GROOT-BRAKRIVIER | RIVERSDAL | GEORGE |
|---|---|---|---|
| Impalaweg | Langstraat 105a | Heidelbergweg 15 | Mitchellstraat 138 |
| 044 696 5820 | 044 620 3322 | 028 713 4004 | 044 874 7644 |

**GESOEK!!**

Enige persoon wat nie sy plaas of kleinhoewe by ons ingegee het om te verkoop nie, is besig om te verloor! Kontak my dringend. Ons het werklik kopers wat wag. U plaas voldoen dalk aan hul behoeftes.

**Johan Fourie 082 572 6005**

**MONTEGU**

97 ha vrugte en wingerd plaas. 2 woonhuise, 5 werkers huise, 3 damme en 5 toegeruste boorgate. Beurtwater. 10 ha druiwe, 45 ha lande en 10 ha appelkose.

**R4 970 000**

**Johan Fourie 082 572 6005**

**OUDTSHOORN**

100 ha met pragtige natuur en uitsigte. Sterk boorgat. Lê aan Kammanasie Natuurreservaat. Zebras en ander wild kom voor.

**R980 000**

**Johan Fourie 082 572 6005**

**GROOT-BRAKRIVIER**
**ALLEENMANDAAT**

119 ha plaas met 38ha onder besproeiing. 3 Chalets en 2 damme. Staalstoor + voerstoor. Nuwe heinings.

**R3 650 000 + BTW**

**Jos Terblanche 083 631 9611**

**GROOT-BRAKRIVIER**

49 ha natuurplaas aan die Groot-Brakrivier. Pragtige inheemse woud met kampeerplekke. 230m² woning. Woorde kan dit nie beskryf nie!

**R2 950 000**

**Johan Fourie 082 572 6005**

**GROOT-BRAKRIVIER**

54 ha rooigrond. 3 nuwe spilpunte en waterregte. Gerestoureerde 3-slpkhuis en stoor plus nuwe 450m² staalstoor. Grens aan 'n teerpad.

**R6 000 000 + BTW**

**Jos Terblanche 083 631 9611**

**MOSSELBAAI**

4,5 ha in die mooi Leeukloofvallei. Waterreg uit leivoor. 2 damme en moederlyn vir besproeiing. 2 slaapkamer woning.

**Slegs R1 100 000**

**Johan Fourie 082 572 6005**

**BRANDWAG**

Pragtige 650m² huis op 5 ha grond met 6 slpk,6 badk, groot leefareas, swembad, stoor, 4 motorhuise, Eskom krag en munisipale water en vele meer.

**R2 800 000**

**Johan Verwey 084 502 6663**

www.landenstrand.co.za
info@landenstrand.co.za

# Ontmoet "Die Mullers van Vredehof"

Ek het baie lekker gekuier by Harry en Irma Muller op Vredehof naby Herbertsdale. Ons het gesellig om die kombuistafel met 'n koppie boeretroos gesit en 3 van hulle 5 mooi dogters, wat tuis was, het lekker saamgesels.

Ek het op dié dag 2 belangrike lesse geleer. Die eerste is om nooit 'n plaashek toe te parkeer nie.

Ek was skaars daar toe omring Harry se trop beeste die Tuinroete Agri motor wat voor die hek parkeer was. Harry het skertsend opgemerk dat hulle seker die TRA logo op die deur herken het as dieselfde een wat op hulle voersakke is.

Die tweede les, wat ek darem *nie* die dag oortree het nie, is om nooit agter 'n boer se bakkie te parkeer nie. (Harry sê tong-in-die-kies dat 'n boer nooit in sy truspieëltjie kyk as hy agteruit ry nie, want daar was mos niks agter hom toe hy daar stilgehou het nie.)

Harry is op Vredehof gebore en is die reeds die 4de geslag Muller wat daar met melkbeeste (Jerseys) en skape boer. Hy en Irma het mekaar op Kovsies ontmoet toe hy haar gevra het om met hom te dans. Irma is 'n oud onderwyseres en dit is duidelik dat sy *"'n boervrou en boer se vrou is".*

Die Mullers bedryf 'n selfsorg gastehuis op die plaas wat 'n klipgooi ver van die Gouritsrivier geleë is. (044-651 1626 / 083 412 8454). Herbertsdale is 'n hegte gemeenskap. Hoogtepunte op die sosiale kalender is die jaarlikse Polisiedraf, Oktoberfees en Laerskoolkonsert.

Harry se broer, George was lank 'n besigheidsman in Uniondale en bedryf tans die bekende Wilgewandel naby Oudtshoorn.

Die Mullers is baie betrokke by hulle kinders en het hulle liefde vir die natuur ook in hulle kinders

gevestig. Die 2 oudste dogters op universiteit het dan ook albei natuurgedrewe studierigtings gekies. Dit is tot ons gemeenskap se voordeel dat albei kinders besluit het om hulle na hulle studies in ons omgewing te kom vestig en hulle kennis hier te kom terugploeg.

2008 was 'n goeie en geseënde jaar vir die Mullers van Vredehof. Ons wens vir hulle is 'n vreugdevolle Kerstyd en welverdiende rus op Stilbaai.

***Annelie van Wyk***




Dring aan op Tuinroete Agri Voere en ondersteun u eie maatskappy!

Heinie Geldenhuys (Kleinberg)
044-601-1200

Hanno Laufs (Riversdal)
028-713-2404

Piet Joubert (Bemarker)
082-562-7508

**Deurlopend opgedateerde debiteurestate is deurgaans beskikbaar op www.tagri.co.za . Registreer vandag en benut die funksie optimaal!**

# Tuinroete Agri Mosselbaai open prag Tuinsentrum

Ons in Mosselbaai het onlangs gehoor gegee aan ons kliënte se behoefte om 'n prag Tuinsentrum in Mosselbaai te vestig. In samewerking met verskeie verskaffers, onder andere Rademachers George, is 'n produkreeks saamgestel wat 'n groot verskeidenheid bied. Behalwe vir die verskeidenheid plantsoorte en saailinge is daar ook gefokus op 'n reeks kwaliteit potte wat wissel van klei- , Toskaans- en Italiaans-ingevoerde potte.

Ons bied ook verskillende organiese en chemiese kunsmis en baie ander produkte spesiaal vir u tuin. Met deurlopende spesiale aanbiedings en uitstekende diens glo ons dat dit vir ons kliënte 'n spesiale inkopie-ervaring gaan wees.

Met ons spesialis kliëntediens wil ons die prag van u tuin uitbou en onderhou. Besoek ons gerus want ons sien daarna uit om 'n spesiale blom in u tuin te help kweek

## Geoffrey Joubert - Skaapboer van die Jaar

Geoffrey Joubert (Jnr), van Kweekkraal in die Riversdaldistrik, is onlangs aangewys as die ***Voermol, Skaapboer van die jaar vir 2008.***

Hy en sy broer Johannes is die vyfde geslag Jouberts op Kweekkraal (A G Joubert en seuns). Geoffrey fokus op die veevertakking en sy broer Johannes op die saai-afdeling, terwyl Pa Geoffrey in raadgewende hoedanigheid betrokke bly. Goeffrey glo dat sy sukses en die sukses van die boerdery in geheel toegeskryf kan word aan die effektiewe wyse waarop die familie saamwerk. Die Jouberts span kundiges in om hulle van raad te voorsien en gebruik die beste teelmateriaal en tegnologie beskikbaar. Hulle sukses is ook baie afhanklik van die bekwame en toegewyde arbeidsmag op die plaas. Daar is tans 4000 Merino en Merinokruisooie op die plaas.

Van links na regs is Johannes Joubert, Prof Johan Greyling (UVS) en Geoffrey Joubert

Dit is duidelik dat Geoffrey 'n passie vir boerdery het en ons is saam met hom en sy familie bly dat hy nou die vrugte van sy arbeid pluk.

*"Ek slaan my oë op na die berge."*

*Tuinroete Agri se tak op Avontuur.*

*Foto: Charl Freysen*

# Kontakbesonderhede Tuinroete Agri-takke

| | | |
|---|---|---|
| **GRAAN / GRAIN** | | |
| Riversdal/e | Mike Uys<br>muys@tagri.co.za | ☎ 028-713-2404 |
| Albertinia | | ☎ 028-735-1094 |
| Kleinberg | | ☎ 044-697-7010 |
| Herold | | ☎ 044-888-1626 |
| **HANDEL / RETAIL** | | |
| Aberdeen | Theunis Holtzhausen<br>tholtzhauzen@tagri.co.za | ☎ 049-846-0489 |
| Albertinia | Bennie Basson<br>bbasson@tagri.co.za | ☎ 028-735-1094 |
| Avontuur | Mervyn Schamrel<br>mschamrel@tagri.co.za | ☎ 044-752-3004 |
| George | Johan le Roux<br>jleroux@tagri.co.za | ☎ 044-801-4500 |
| Herbertsdale | Christene Boshoff<br>herb@tagri.co.za | ☎ 044-651-1676 |
| Herold | Freislich Louw<br>flouw@tagri.co.za | ☎ 044-888-1626 |
| **Jeffreysbaai** | **Lukas van Vuuren**<br>**lvvuuren@tagri.co.za** | ☎ **087-550-0777** |
| Knysna | Robbie Dawes<br>rdawes@tagri.co.za | ☎ 044-382-3027 |
| Krakeel | Sandra Davis<br>sdavis@tagri.co.za | ☎ 042-274-2201 |
| Misgund | Fanie Stander<br>fstander@tagri.co.za | ☎ 044-275-1409 |
| Mosselbaai / Bay | Chris Snyman<br>csnyman@tagri.co.za | ☎ 044-601-1200 |
| Noll | Tanya Barkhuizen<br>tbarkhuizen@tagri.co.za | ☎ 044-745-1277 |
| Plettenbergbaai / Bay | Frans Smith<br>fsmith@tagri.co.za | ☎ 044-533-0495 |
| Riversdal/e | Jacques Coetzer<br>jcoetzer@tagri.co.za | ☎ 028-713-2404 |
| Twee Riviere | Casper Oelofsen<br>coelofsen@tagri.co.za | ☎ 042-273-1905 |
| Uniondale | Boetie Verster<br>bverster@tagri.co.za | ☎ 044-752-1217 |
| **MEGANISASIE / MECHANISATION** | | |
| Avontuur | Hester van der Merwe | ☎ 044-752-3004 |
| George | Paul Jacobs<br>pjacobs@tagri.co.za | ☎ 044-801-4536<br>📱 084-592-9383 |
| Riversdal/e<br>*(Uitgekontrakteer)* | Melchior Briers | ☎ 028-713-3409<br>📱 082-822-4923 |
| **PAKMATERIAAL / PACKING MATERIAL** | | |
| Haarlem | Herholdt Johnston<br>hjohnston@tagri.co.za | ☎ 044-763-1088 |
| **VEEVOERE / FEEDS** | | |
| Bemarking / Marketing | Piet Joubert | 📱 082-562-7508 |
| Kleinberg | Heinie Geldenhuys<br>hgeldenhuys@tagri.co.za | ☎ 044-697-7010 |
| Riversdal/e | Hanno Laufs<br>hlaufs@tagri.co.za | ☎ 028-713-2404 |
| **SENTRALE AANKOPE / CENTRAL BUYING** | | |
| Mosselbaai / Bay | Wouter Lubbinge<br>wlubbinge@tagri.co.za | ☎ 044-601-1200 |
| | André du Plessis<br>aduplessis@tagri.co.za | ☎ 044-601-1200 |
| **VERSEKERING / INSURANCE** | | |
| Avontuur | Ian du Plessis<br>ianduplessis@tagri.co.za | ☎ 044-752-3004 |
| Mosselbaai / Bay<br>*(Uitgekontrakteer)* | APBCO<br>Gerhard Visser<br>apbco@tagri.co.za | ☎ 044-601-1200 |
| Riversdal/e<br>*(Uitgekontrakteer)* | Procerto<br>Fred Opperman<br>procerto@tagri.co.za | ☎ 028-713-2404 |

Moet u gedurende die vakansie verf?

Besoek Tuinroete Agri vir al u verfbehoeftes!!

**Besoek gerus Tuinroete Agri se deli-afdeling vir**

**Konfyt, koekies, speserye, beskuit, 'n verskeidenheid ingelegde produkte, en vele meer!!**

**(alles tuisgemaak!)**

## Is u 'n kampeergees-driftige?

**Doen uself die guns en besoek Tuinroete Agri se buitelewe-afdeling vir al u kampeeraankope!!**

# en hier is die wen-afdelings!

Die Handelstak van die jaar is George Handel.

Die Produkte-tak van die jaar is Riversdal Voermengeenheid.

*Die woord "sukses" kom net op een plek voor werk…*
*en dit is in die woordeboek!*

***BAIE GELUK!!***

***BENODIG U IMPLEMENTE?***

*Kontak die volgende persone en bespreek u behoeftes met hulle!*

***Paul Jacobs***
☎ *044-801-4531 / 084 592 9383*
***Melchior Briers***
☎ *028-713-3409 / 082-822-4923*

## Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2009

Die Graanafdeling wil graag al hul kliënte 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2009 toewens.

Ons wil ook graag langs hierdie weg ons graanprodusente bedank vir die goeie gees waarin die graanaflewerings plaasgevind het.

*Graanafdeling*

## Sukkel u om die REGTE kersgeskenke te kry?

Besoek u naaste Tuinroete Agri tak vir gehalte diens en 'n **GROOT** verskeidenheid kwaliteit produkte teen uitstekende pryse!

Ons beskik oor kampeer– en visvangtoerusting, wyn, skoene, klere, vrugtesap, droëvrugte, en nog **BAIE** meer!

Ons het 'n verskeidenheid kwaliteit produkte tot en met R50-00.

Besoek ons gerus!